Middelburg Hoërskool

MHS HS_Middelburg Middelburg Hoërskool

Inligtingstegnologie Beleid 2022
Information Technology Policy 2022

INLIGTINGSTEGNOLOGIE: BELEID EN AANVAARBARE GEBRUIKSOOREENKOMS

AGTERGROND

Elektroniese veiligheid betrek alle elektroniese kommunikasie, insluitend internettegnologie, draagbare apparate ("mobile technologies") asook samewerkingstegnologie en persoonlike drukwerk. Die gebruik van tegnologie lig egter die behoefte uit dat leerlinge onderrig moet word ten opsigte van die voordele en risiko's met die gebruik van tegnologie. Verder poog die skool om ook opleiding te bied wat veiligheidsopsies en bewusmaking uitlig om sodoende gebruikers te bemagting om hulle elektroniese ervaring te beheer.

Middelburg Hoërskool streef daarna om 'n dinamiese en gebalanseerde skool te wees, met 'n Christelike grondslag wat voortreflike onderrig bied. Dit is vir Middelburg Hoërskool belangrik dat geen leerder, personeellid of die skool se naam in gedrang kom deur die gebruik van inligtingstegnologie nie.

TEGNOLOGIE IN DIE KLASKAMER

Hoekom is die gebruik van die internet belangrik?

Die gebruik van die internet is 'n belangrike gebruiksmiddel vir leerlinge en personeel by Middelburg Hoërskool. Die internet word deur leerlinge buite skoolure gebruik, asook in klasse wanneer addisionele inligting/navorsing benodig word. Dit is egter belangrik vir leerlinge om internet-inligting te evalueer en om hulle eie veiligheid en sekuriteit te verseker.

Die beleid is ontwikkel om nie net leerlinge nie, maar ook personeel en die skool as geheel te beskerm. Hierdie dokument sal jaarliks herevalueer word om die toepaslikheid van die dokument as geheel en die ontwikkeling van tegnologie te inkorporeer en heroorweeg.

Sosiale media

Die gebruik van sosiale media is deel van lewe in die 21ste eeu. Dit is egter belangrik om bewus te wees dat die gebruik van sosiale media positiewe en negatiewe ingesteldhede tot gevolg kan hê.

Die skool handhaaf die beleid dat enige gebruik van sosiale media nooit die instelling, skool se naam, sy personeel en betrokkenes negatief mag beïnvloed nie. 'n Opmerking in die sosiale media is soos 'n publikasie in die koerant en ons moet almal versigtig wees om nie lasterlike opmerkings te maak nie.

Die skool en sy beheerliggaam het 'n verantwoordelikheid om die skool se goeie naam te beskerm. Met bogenoemde as agtergrond word ouers versoek om probleme aan te spreek deur direk met gepaste persone by die skool in verbinding te tree en hulle nie tot Facebook en WhatsApp wend om griewe jeens die skool te lug nie.

Draagbare toestelle

Die gebruik van draagbare toestelle is toelaatbaar, maar slegs op voorwaarde dat die skool se voorgeskrewe onderneming deur ouers onderteken is. Hierdie toestelle mag slegs in klasse gebruik word waar onderwysers die nut van die toestelle kan rugsteun, bv. vir navorsing.

Draagbare toestelle bly die leerling se verantwoordelikheid en die skool sal onder geen omstandighede aanspreeklik gehou kan word vir die veilige bewaring en gebruik, batteryleeftyd of data wat deur die leerling gebruik word nie.

Die Inligtingstegnologiebeleid sluit die volgende in:

- Riglyne vir die aanvaarbare gebruik van sosiale media, e-pos en "WhatsApp"-groepe.
- Aanvaarbare gebruikersooreenkoms vir personeel en leerlinge.
- Oueronderneming.

RIGLYNE VIR DIE AANVAARBARE GEBRUIK VAN E-POS EN "WHATSAPP"-GROEPE.

Die gebruik van sosiale media, e-pos en WhatsApp-groepe is 'n noodsaaklike deel van 'n onderwyser se daaglikse kommunikasie. Die volgende riglyne is daar om leerders te help in die gebruik van hierdie kommunikasiemiddele.

AANVAARBARE GEBRUIKERSOOREENKOMS VIR LEERLINGE

Ek onderneem om

- die skool se Inligtingstegnologiestelsel vir skooldoeleindes te gebruik en dit nie te misbruik nie. Dit sluit die internet, e-pos, digitale video, rekenaars, draagbare tegnologie, ens. in.
- slegs my eie gebruikersnaam en wagwoord op die skool se netwerk, e-pos en drukkers te gebruik.
- nie my netwerkgebruikersnaam, wagwoord of drukkerskode aan enigiemand te verskaf nie.
- te verseker dat alle kommunikasie, insluitend Facebook en WhatsApp, asook ander tegnologiese kanale met leerlinge, onderwysers en ander op 'n verantwoordelike en logiese wyse sal geskied.
- die internet verantwoordelik te gebruik. Dit sluit die hulpbronne wat ek soek en my taalgebruik in.
- nie doelbewus inligting wat aanstoot gee sal soek, aflaai, oplaai of aanstuur nie.
- te verseker dat my aanlyn aktiwiteite, binne en buite die skool se netwerk nie my skool, personeel, leerlinge of ander skade sal aandoen of die skool se naam in oneer bring nie.
- die skool se benadering tot aanlyn veiligheid te ondersteun en nie met opset enige omstrede foto's, video's, klank of teks sal plaas op enige mediaplatform nie.
- nie te poog om die siftingstelsel op enige manier te omseil nie.
- om ander se werk en privaatheid aanlyn te alle tye te respekteer

Ek verstaan dat hierdie riglyne ontwerp is om my veiligheid te verseker en dat, indien ek dit nie volg nie, die beheerliggaam verdere aksie kan neem.

_____	_____	_____
Naam	Handtekening	Datum

OUERONDERNEMING

Hierdie onderneming sluit die volgende aspekte in:

- Gebruik van sosiale media;
- Gebruik van draagbare toestelle deur leerders

Ek as ouer onderneem om:

- nie sake wat my kind raak op sosiale media (bv. Facebook en WhatsApp) te bespreek nie.
- om probleme wat die skool of my kind raak, direk met die skool te bespreek;
- om begrip te toon dat die beheerligaam, personeel, ouers en leerders die plig het om die skool se goeie naam te beskerm;
- om die skool se sosiale mediabeleid te ondersteun en myself daaraan te onderwerp;
- nie op Facebook of enige ander sosiale mediaplatform van enige aard ook al negatiewe of afbrekende aanmerkings rakende die skool, leerders of personeel te maak nie.

Indien van toepassing: Draagbare media
Ek as ouer/voog onderneem om:

- die gebruik van 'n draagbare toestel deur my kind te monitor;
- die skool se beleid ten opsigte van die gebruik van draagbare toestel te ondersteun;
- die verantwoordelikheid ten opsigte van versekering, veilige bewaring en die gebruik van data op myself te neem en te hanteer;
- om my ten volle aan die beleid te onderwerp, dit te respekteer en dit na te kom;
- die toepaslike boete te betaal indien draagbare toestel nie vir die korrekte doelwitte aangewend word nie.

_____	_____	_____
Ouer se naam	Handtekening	Datum

Let Wel: Indien die beleid nie toegepas word nie, sal oortreders 'n kennisgewing van die beheerliggaam ontvang waarin verdere vervolgingsaksies bespreek sal word.

INFORMATION AND COMMUNICATION ACCEPTABLE USE POLICY

BACKGROUND

Electronic safety encompasses all electronic communication, including Internet technology, mobile technologies as well as collaboration technology and personal printing. With the use of technology the need has arisen to educate learners regarding the advantages and risks involved accompanying the use of technology. Furthermore, the school attempts to provide training with regards to safety and awareness options in order to empower users to control their electronic experience.

Middelburg High School aspires to be a dynamic and balanced school, with a Christian foundation that provides outstanding education opportunities. It is important to the school that all learners, staff and the school's name never be jeopardised through the use of information technology.

TECHNOLOGY IN THE CLASSROOM

Why is it important to use the internet?

The use of the Internet is an important commodity to students and staff at Middelburg Hoërskool. The Internet is used by learners after school hours, as well as in classrooms where researching is needed. It is important that learners are able to evaluate information and ensure their own safety and security.

It is with the above-mentioned in mind that the school develops policy to not only safeguard learners, but also staff and the school as a whole. This document will be re-evaluated regularly to keep it current and cater for the continuous development of technology.

Social media

The use of social media is part of life in the 21st century. It is, however, important to be aware that the use of social media includes creating positive and negative perceptions.

The school maintains that the use of any social media should never impact negatively on the institution, its name, the staff, and other parties involved with the school. A comment on social media is like a publication in a newspaper and we all have to be careful not to make slanderous comments.

The school and its governing body have a duty to protect the school's good name. Keeping with the above in mind, parents are requested to address problems by consulting directly with the school and not to air grievances on Facebook, WhatsApp or other forms of social media and thereby inadvertently bringing the school's name in disrepute.

Mobile devices

Mobile devices remain the responsibility of the learner and the school will not accept any liability for safe keeping, the battery life, or data used by the learner.

The Information Technology Policy includes the following:

- Guidelines on the use of social media, email and "WhatsApp" groups;
- The acceptable utilisation agreement for staff and learners;
- Parent commitment.

GUIDELINES FOR ACCEPTABLE UTILISATION OF EMAIL AND WHATSAPP GROUPS.

The use of social media, email and WhatsApp groups is an important part of a teacher's daily communication. The following guidelines are there to guide learners on the use of these communication methods.

ACCEPTABLE UTILISATION AGREEMENT FOR STAFF AND LEARNERS.

I undertake to:

- use the school's information technology system for school purposes and not abuse it. This includes the use of the Internet, digital video, computers, portable technology, etc.
- only use my allocated username and password on the school's network, email and printers.
- not make known my username, password or printer code to anyone.
- ensure that all communication, including Facebook and WhatsApp, as well as other technological means with learners, teachers and others will take place in a responsible and logical way.
- use the Internet responsibly. This includes the resources I am searching as well as the language that I use.
- not search, download, upload or forward any information that is regarded as offensive.
- ensure that all my online activities, inside and outside the school's network will not denigrate the school, staff, students or any other person involved with the school or to bring the school's name in disrepute.
- support the school's approach to online safety and not to post, on purpose, any questionable photos, videos, sound or text on any media platform.
- not bypass the school's filters in any way.
- respect, at all times, other people's work and online privacy.

I understand that these guidelines are designed to ensure my safety and that, if I do not abide by them, the governing body can initiate further action.

_____	_____	_____
Name	Signature	Date

PARENTAL/GUARDIAN COMMITMENT

This commitment includes the following aspects:

- Use of social media;
- Use of mobile devices by learners.

I as parent/guardian, commit myself to:

- not discuss matters pertaining to my child on social media (e.g. Facebook and WhatsApp).
- discuss matters pertaining to the school or my child directly with the school.
- show understanding that the school's governing body, staff, parents and learners have the duty to protect the school's good name;
- support the school's social media policy and abide by it;
- not post on Facebook or any other social media platform of any kind, negative or defamatory comments pertaining to the school, its learners or staff.

If applicable: Mobile devices

I as parent/guardian, commit myself to:

- monitor the use of a mobile device by my child;
- support the school's policy with regards to mobile device;
- accept the responsibility with regards to insurance, safe storage and the use of data.
- subject myself, in full, to the policy, to respect it and abide by it.
- pay the applicable fines in case the device is not used for the suitably intended purpose.

_____	_____	_____
Name	Signature	Date

Take note: Failure to heed this policy will result in a notification issued by the governing body to discuss further prosecutorial actions.